Bybel vir Kinders

bied aan

Die Boer en die Saad

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus
Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Eendag het Jesus mense geleer by die meer. Baie mense het saam gedrom om na Hom te luister.

Die skare het te groot geword. Wat sou Jesus doen?

Jesus sien toe 'n skuit daar naby. Hy kon nou die mense sien en hulle vir Hom.



Jesus het gelykenisse aan hulle vertel – stories van gewone dinge wat die mense van God geleer het.

"'n Boer het saad gesaai in die land"
Jesus se storie was soos 'n prentjie
met woorde in plaas van sketse.



Die mens kon sien hoe die boer werk –
hulle het dit al baie gesien.

Party sade het in die voetpad geval. Gou gou het die voëls dit opgesweep.

Party sade het op 'n klipperige deel geval. Hulle het vinnig gegroei in rankerige plante. Die warm son het hulle gou uitgedroog omdat hulle wortels in die vlak grond was.

Ander sade het in die doring bos geval. Dit het nie graan gelewer nie. Die dorings het die jong plantjies omring en hul son en reen afgekeer wat hulle nodig het.

Die res van die saad het op vrugbare grond geval. Soos die tyd verby gaan het gesonde plantjies begin groei en baie graan gelewer. Die boer was baie gelukkig.

Aan die einde van die storie het die dissipels Jesus gevra "Hoekom leer U in gelykenisse?"



Jesus sê dat die gelykenisse die mense help om God te verstaan as hulle regtig lief is vir Hom. Mense wat God nie lief het nie sal die gelykenisse nie verstaan nie.



Jesus het die gelykenis uiteengesit. Die saak is God se Woord. Saad in die voetpad
is soos iemand wat die Woord hoor maar nie
verstaan nie.
Satan laat hulle vergeet wat God sê.

Party mense snap God se Woord gou. Hulle is soos die saad in die klipperige deel. Sodra iemand hulle spot of dinge moeilik maak omdat hulle God lief het, 'n hartseer ding gebeur.

Dieselfde mense wat so gelukkig begin het om Jesus te volg draai weg en hou op om God se Woord gehoorsaam te wees. Hulle wil nie die prys betaal om God te volg nie. Dit is hartseer dat hulle eerder hul vriende gelukkig wil hou as God!



Die doring in die gelykenis is die aardse bekommernisse en die liefde vir geld wat mense se lewens vul. Hulle is so besig om meer geld en ander dinge te kry dat hulle God uitsluit.

Maar die saad wat op die goeie grond geval het, het 'n goeie oes gegee, soos die Woord van God die harte van mense verander asook hul lewens. Hulle het God gedien en geëer.

Die skare wou nie weggaan nie. Baie wou God volg en Hom dien. Jesus se gelykenisse het hulle gehelp om God te verstaan en gehoorsaam te wees.

Die Boer en die Saad

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Mattheus 13

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16